Gebed nr. 4: SMEEK

(Die drie elemente van gebed wat reeds behandel is: Aanbidding, Lof en Belydenis)

1. Wat moet eers gebeur voordat ’n mens iemand sal smeek?

_____

2. Lees Eksodus 34:5-7. In 34:5 maak God Homself weer bekend met die naam ***Jahwe***. Hierdie Naam van God word dikwels gebruik wanneer God se verbond ter sprake is. Daar is egter ook ander karaktertrekke ter sprake. Noem en bespreek die gevolge van elkeen van hierdie karaktertrekke.

_____

_____

_____

3. Watter dreigement hou Deut. 4:23,24 in hierdie verband in?

_____

4. Met bostaande in gedagtes, lees Psalm 142.

4.1 Beskryf Dawid se situasie volledig soos hy dit aan die Here stel.

_____

_____

_____

4.2 Wat leer ons van God uit hierdie gesprek wat Dawid met Hom het?

_____

_____

4.3 Hoe vergelyk ons situasie in werklikheid met Dawid s’n ?

_____

_____

_____

5. Hoe is dit moontlik dat God wel na ons smeekstem kan luister? (Hebr 4:14-16)

_____

_____

6. Hoe laat dit wat in vraag 5 bespreek is jou voel?

_____

7. Nadat Dawid die Here gesmeek het, het daar ’n verandering in sy gemoed gekom. Lees Ps 57 en sê waarom vers 8 e.v. ’n heeltemal ander trant as die eerste 7 verse het.

_____

_____

8. Hoe is jy in jou verhouding met God deur hierdie Skrifgedeeltes geraak?

_____

Aantekeninge by "Gebed nr. 4: Smeek"

1. Eie antwoord.
2. God se verbond het twee kante. Aan die een kant is daar die getrouheid van die Here om te versorg, maar aan die ander kant is daar die dreiging dat Hy vernietigend sal straf wanneer mense nie sy verbond onderhou nie. Soos uit die eerste deel van dit wat gelees is afgelei kan word, is God barmhartig, genadig, lankmoedig, vol liefde en getrou. Hy vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar spreek niemand sonder meer vry nie. 'n Mens kan dus **nie te gemaklik** met God raak nie.
3. Wanneer mens met 'n verterende vuur te make het, bly jy versigtig. God gee selfs vir hulle wat mense na sy hart is nie noodwendig wat hulle vra nie. Moses moes dit leer (Deut. 3:26), ook Dawid het nie gekry wat hy gevra het nie (2 Sam 12:22).
4. Psalm 142

4.1 In nood, sonder moed, bedreig deur mense, sonder enige menslike hulp, vasgekeer, niemand het met hom simpatie nie, magteloos en tot die dood bedreig.

4.2 God is bekend met wat hy moes deurmaak. Dit vestig die aandag op God se alwetendheid. God is ook die enigste een wat in staat is om vir Dawid te help en dit vestig die aandag op God se almag. Dit is juis as gevolg van sy almag dat Hy kan verlos.

4.3 Sonde lei tot die verlies van God se gunstige gesindheid, en lei onvermydelik tot God se oordeel. Elke mens bevind homself presies in daardie situasie voor God. Ons het dus niks wat ons by die Here kan gebruik om met Hom te onderhandel nie, en dus is ons volledig aan Hom uitgelewer. Dit laat vir ons net een opsie oop en dit is om die Here te smeek. Maar Hy spreek niemand sonder meer vry nie, en dus eis God dat daar **ALTYD** vir sonde betaal moet word voordat daar sprake van genade kan wees. As ons dan probeer om hulp by ander mense te kry, staan hulle netso hulpeloos soos ons.....

5. Jesus is die volmaakte Hoëpriester wat volledige betaling vir ons sonde gedoen het, en daarom kan ons op grond van sy verdienste gelowig voor God neerval om Hom te smeek.
6. As 'n mens eers besef het hoe verlore jy werklik is en dan tog gered is, bring dit diep dankbaarheid.
7. Nadat Dawid sy saak in die Here se hande oorgegee het, kom daar 'n rustigheid by hom omdat hy weet dat Hy die Here kan vertrou om selfs uit die mees hopelose situasie redding te bring.
8. Eie antwoorde.